**Woensdag Brief 16 September 2020**

Gegroet vanuit die pastorie

Die coronavirus het nie net die wêreld omgedolf nie, maar ook soos ’n vergrootglas sekere menslike interaksie met mekaar en die natuur ontbloot. Orals waar die meerderheid mense ingeperk is, het die natuur redelik vinnig herstel. Dit is natuurlik ’n erge aanklag teen die mensdom. Vele mense het ook skielik eensaamheid begin ervaar omdat hulle nie kon sosialiseer soos gewoonlik nie. Hierdie tendens het

die mensdom weer bewus gemaak van wat nou die pandemie van eensaamheid genoem word – aldus ’n berig in die *Beeld*-koerant van laas Saterdag.

In dié artikel word vermeld dat lugbesoedeling jou kans om vroeër dood te gaan met 5% verhoog, oorgewig met 20%, alkoholmisbruik met 30%, maar eensaamheid met ’n skrikwekkende 45%. In Brittanje beleef sowat 75% van jong mense tussen die ouderdom van 18-24 eensaamheid. Maar in meeste lande is dit meesal die persone bo 65 wat vereensaam. En in Amerika

sal daar binnekort meer mense bo 65 jaar wees as die jonger as 18 jaar.

Een algemene rede wat die pandemie van eensaamheid aandryf, is dat gemeenskaps-betrokkenheid skerp afgeneem het die afgelope paar dekades. In die verlede was dit juis klubs, verenigings en ook dikwels die kerk wat die gom was wat mense ’n gevoel van behoort gebied het. Eensame mense se groot hunkering is aan intimiteit en sosiale verbintenisse. Dit is waarom inperking mense so vinnig eensaam laat voel. Die ergste wat

aan ’n mens gedoen kan word, is nie om hom te haat nie, maar te ignorer, lees ’n ou wysheid. Die ergste tronkstraf is dié van eensame isolasie.

In gister se *Burger*-koerant word berig dat die bekende argitek Gawie Fagan oorlede is. Sy seun Henry vertel dat sy ma gedisoriënteerd is en heeltyd nog besig is om goed vir sy oorlede pa aan te dra asof hy nog leef. Om ’n lewensmaat met wie jy 70 jaar lank getroud gewees het, te verloor vra ’n reuse aanpassing en is in enige terme ’n absolute verlies van deel van jouself. Dit verskraal jou lewe

en dit word ook so ervaar as diereliefhebbers se troeteldier doodgaan. Troeteldiere is dikwels alleenmense se skans teen vereensaming.

Een van die groot uitdagings van ouetehuise en aftreeoorde is om die bejaarde inwoners positief te hou en eensaamheid te bekamp. Vele sulke plekke waar vele bejaardes saamwoon, wys daarop dat bejaardes nie dikwels deur hulle kinders besoek word nie – so asof hulle doel uitgedien is. In sulke gevalle is dit nie net ’n eensaamheid wat seëvier nie, maar ’n eensaamheid wat staan op

die fondasie van verwerping. Dit verskil nie veel van ’n tronksel van eensame isolasie nie. Maar, soos die navorsing in Engeland getoon het, is die jonger garde eweneens blootgestel aan vereensaming – net vir ander redes as by bejaardes. Eensaamheid bring elkeen wat daarin verval, by een of ander lewenskrisis – dikwels saamgevat as depressie en dikwels ervaar as nutteloosheid.

Wat seker is, is dat elke woongebied en landelike gebied een of meer bejaarde inwoners het en waarvan ’n hele klompie waarskynlik besig is om te

vereensaam as hulle nie klaar daarin verval het nie. Daar is pogings om vereensaming teen te werk. Brittanje het selfs so ’n ministerie geskep wat aan oplossings moet aandag gee. In Australië is daar ’n projek waar ’n kleuterskool en ouetehuis dieselfde terrein benut. Die oues van dae help om die kleuters bedags besig te hou deur byvoorbeeld vir hulle te lees. In Swede is daar ’n behuisingsprojek wat bestaan uit 31 woonstelle vir bejaardes en 20 vir mense tussen 18 en 25 jaar waar die inwoners

van albei groepe dit beleef as lewensverrykend.

Die artikel in Beeld gee ’n aanhaling van Sylvia Plath wat sê dat baie mense dig toegesluit is in hulself, soos bokse, maar as hulle oopgemaak word, dan sal hulle wonderlik ontvou, as mense net geïnteresseerd is in hulle. Meeste gemeentes het deesdae ook vele lidmate ouer as 65 wat dalk besig is om al hoe eensamer te word. Daar is byna nie ’n dorp sonder ’n aftreeoord of ouetehuis nie. Mens kan “Hoera!” skreeu vir die gesinne waar dit nog moontlik is dat oumas en oupas by of naby hulle kan

woon. In elk geval is daar orals vele mensbokse wat hunker en verlang en smag om oopgemaak te word soos Kersgeskenke wat hulle mos eintlik is.

Mooiloop tot volgende keer.

***Ds. Jan***